Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat: Verkrygingsbestuur

Verwysing 20161125-6468
5/1/4/15
Navrae: R.L Africa

Verkrygingsbestuurminuut: 0005/2016

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van alle subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor en distrikskantore

**Onderwerp** **Kontrak RT5-2016: Lewering van 'n deurlopende pakketkoerierdiens aan die Staat vir die tydperk van 01 Oktober 2016 tot 30 September 2019**

1. Hierdie minuut dien om u mee te deel dat die Nasionale Tesourie 'n nuwe transversale kontrak gesluit het om koerierdienste aan die Staat te voorsien. Die kontrak is vanaf 01 Oktober 2016 vir 'n driejaartydperk van krag. Alhoewel die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voorheen van Skynet SA (Pty) Ltd gebruik gemaak het, is die maatskappy nie meer vir dienste **in** die Wes-Kaap gekontrakteer nie. Skynet SA (Pty) Ltd is egter steeds gekontrakteer om interprovinsiale koerierdienste te lewer.

2. Die primêre kontrakteur vir koerierdienste in die Wes-Kaap is Courierit SA (Pty) Ltd. Die kontakbesonderhede van die betrokke kontrakteurs is soos volg:

| Kontrakteur se naam | Kontakpersoon | Adres | Telefoonnommer | Faksnommer | E-posadres |
|---|---|---|---|---|---|
| Courierit SA (Pty) Ltd | Nelson Teixeira | Posbus 751945, Gardenview, Johannesburg | 011 928 8300 | 086 607 6430 | nelson@courierit.co.za |
| Skynet SA (Pty) Ltd | Raymond Ngubane | Posbus 8807, Edenglen, Isando | 011 586 1006 | 086 687 9758 | raymondn@skynet.co.za |

3. Indien 'n Hoofkantoorkomponent of 'n distrikskantoor van hierdie dienste gebruik wil maak, soos in die nuwe Nasionale Tesourie RT5-2016-kontrak gespesifiseer, moet die volgende prosedure gevolg word:
   (a) Skakel met die diensverskaffer en verkry 'n geleibrief (waybill) wat volledig voltooi moet word en die volgende besonderhede verskaf:
      (i) Die direktoraat/hoofdirektoraat/distrikskantoor se naam.
      (ii) Kontakpersoon se naam.
      (iii) Kontakpersoon se straatadres en kamernommer.
      (iv) Kontakpersoon se telefoonnommer.

(v) Verwysingsnommer van die lêer waarin die besonderhede van die vereiste koerierdiens aangeteken is.

(b) Versoek die diensverskaffer om 'n rekening oop te maak en die item/s wat gekoerier moet word, af te haal. Die faktuur moet aan die kontakpersoon wat die diens versoek, gerig word. Die relevante komponent moet betaal vir die dienste gelewer aangesien die Direktoraat: Verkrygingsbestuur nie sodanige betalings sal fasiliteer nie.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

**GETEKEN**: LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: FINANSIES**
**DATUM**: 2016-11-23